

## Sing vooraf staande: Psalm 84:6

-6-

'n Son en skild is onse HEER;  
Hy sal genade gee en eer,  
want Hy word nooit sy woord ontrou nie:  
Hy sal aan almal wat opreg  
Hom dien en wandel in sy weg,  
die goeie nimmermeer onthou nie.  
Welsalig, HEER, wie op U bou,  
aan U geheel hom toevertrou.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 31:17

-17-

Geloofd sy God vir sy genade,  
so wonderbaar en groot  
aan my, sy gunsgenoot.  
Sy oog slaan my in liefde gade;  
Hy lei my na 'n veste  
in veiliger geweste.

## Gebed

- *Doksologie:*
  - *Aanbidding:*
  - *Skuldbelydenis:*
  - *Vergifnis:*
  - *Dank:*
  - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, overhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
  - *Algemene bede:*
  - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

## Psalm 9:

-9-

Bewys aan my genade, HEER,  
en sien op my ellende neer!  
U, wat my aan die dood ontruk het,  
kyk, hoe my haters my verdruk het!

-10-

Dan vind my tong weer nuwe stof,  
in Sions poort meld ek u lof.  
Dan sing ek bly van u genade,  
so groot in nuwe reddingsdade.

Skriflesing: Romeine 5 : 12 – 21

Teks: Romeine 5:12-21; Kategismus Sondag 3

Dit gaan oor die skepping - ons skepping. Dit gaan verder daarvoor dat daar nou allerhande sondes en dinge aan die gang is waarin ons vasgevang is. Hoe kom al die dinge by mekaar uit? Ons moet by die wortel van die saak begin.

- Dan is die heel eerste vraag: waar kom sondes vandaan? Het God ons dan so boos en verkeerd geskape?
- Die Bybel sê: nee! God het die mens goed en na sy ewebeeld geskape.

Die draagwydte van hierdie saak is so geweldig groot dat 'n mens nie sommer net so vinnig die saak kan lees en begryp soos wat dit hier staan nie.

- Want dit beteken eerste dat God die mens in 'n bepaalde verhouding tot Hom geskape het - die mens is geskape in 'n persoonlike gemeenskap met God.
- Om in persoonlike gemeenskap met God geskape te wees, is om te luister na die stem van God en om te antwoord as Hy met ons praat.
- Die Here het die mens uitsluitlik geskape om Hom te dien en te verheerlik.

Hierdie verhouding kom baie mooi uit in die verhouding wat daar tussen God en die mens is.

- God kom en Hy besoek die mens in die tuin.
- In die aandwindjie praat Hy met die mens Hy gee die mens die geleentheid om die doel van sy skepping uit te leef.

Dis dan ook waarom God die diere so anders maak as wat Hy die mens maak.

- Die mens word met groot sorg uit die aarde gevorm deur God se vingers.
- Daarna blaas God die asem van lewe in hom in.
- By die diere gee die Here net die bevel en dan is hulle daar - hulle word net beveel om te bestaan.

Hieruit is dit tog baie duidelik dat die mens van die begin af in 'n ander gemeenskap tot God staan as die diere.

- Die diere verkondig ook die lof van die Here - maar hulle doen dit anders as die mens.
- By hulle verkondig net die feit dat hulle bestaan en lewe die almag van God.

Maar by die mens gebeur die verheerliking van die Here op 'n ander manier:

- Hy moet die lof van die Here verkondig met sy woorde en met sy werke.
- Hy moet met woorde die heerlikheid van God bely en met sy werke die koningskap van God bewys.

Alles wat die Here maak, skep Hy sodat die aarde goed voorberei word vir die mens om daarop te bly.

- Daarom is daar plante om van te eet, en om sy blyplek te versier.
- En diere waaroor die mens die koningskap van God moet uitvoer.
- Hy moet as 'n koning in God se Naam oor die hele skepping heers.
- Die mens moet dus in alles wat hy doen die wil van sy God stiptelik uitvoer.

Dis waarom daar in ons belydenis staan dat die mens so volmaak geskape is dat hy sy Skepper reg kan ken en liefhê.

- Die eerste mense was dus ook so geskape dat die Here van hierdie oomblik af die skepping deur die mens kon regeer.
- Die mens was verder so goed geskape dat hy die ewige saligheid met God sou deel - so goed geskape dat hy God vir ewig kon loof en prys.

Maar hierdie verhouding word versteur. Die sondeval vind plaas.

- Die mense eet van die boom van kennis van goed en van kwaad.
- Let wel: Dit gaan in hierdie optrede van die mens glad nie oor die soort vrugte wat gebruik is nie.
- Dit gaan oor sy ongehoorsaamheid.

Die Here wou gehad het dat die mens in gemeenskap met Hom sou lewe.

- Met ander woorde, in gehoorsaamheid aan Hom.
- Die mens moes in die Naam van die Here hierdie boom beheers deur die vrugte daarvan te vermy.

Die Bybel beskryf in daardie gebeurtenis baie duidelik die krag en die mag van die satan aan ons.

- Hy berei Eva goed voor as hy haar verlei.
- Die Here het hierdie eerste twee mense net beveel om nie van die boom te eet nie - maar as Eva met die slang praat, dan lieg sy iets by wat die Here nie gesê het nie.
- Sy sê dat die Here gesê het dat hulle hierdie boom nie eers mag aanroer nie. En dis nie waar nie.

Dit bewys dat sy onder die invloed van die duiwel toe al klaar die opvatting van God se bevel verdraai het, sodat sy taak van verleiding makliker kon plaasvind.

- Hy sê ook vir Eva dat hulle soos God sal wees!
- Hulle het net nodig om van die vrugte te eet.

Dis 'n baie aantreklike saak soos die satan dit stel.

- Dit het beteken dat die twee mense gelyke groothede langs God sal word.
- Die implikasies is dat hulle nie meer nodig sou hê om God te aanbid nie, want hulle sou gelyke groothede wees.
- *Hierdie belofte beweeg die mens om die pragtige band van gemeenskap tussen hom en God te verbreek.*

Deur hierdie daad is ons natuur so verderf dat ons almal in sondes ontvang en gebore word.

- Hierdie gebeurtenis het ons so ver van God af weggebreek, dat die Here self die straf kom aankondig. Die dood.
- Dit is 'n dood met twee dimensies:
  - 'n liggaamlike dood en
  - die ewige dood – die hel

Al hierdie dinge is die inhoud van die eerste twee vrae en antwoorde van Kategismus Sondag 3.

- Die Kategismus vertel nie hierdie dinge om ons alle moontlike hoop en verlossing te ontnem nie.
- Hierdie feite wat hier genoem word, maak dat ons die genade van ons Here met soveel meer waardering ontvang, omdat dit ons eers reg laat besef wat die Here Jesus Christus se kruisverdienste presies vir ons beteken.
- Dan eers verstaan ons uit watter ellendige toestand die verdienste van Jesus Christus ons gehaal het.
- Hierdie gedeelte van ons belydenis dwing ons dus terug na die oorsprong van ons sondes, sodat ons soveel meer smag na gemeenskap met die Here.

Deur die Here Jesus Christus het daar hoop gekom.

- Hy het die toorn en straf van God kom verduur in ons plek - die toorn en straf omdat ons verraad gepleeg het teen die allerheiligste God.
- Die verraad was dat ons die volmaakte gemeenskap met God verbreek het en 'n verhouding van gehoorsaamheid met die satan aangeknoop het.

- Daarom het ons in die Paradys ook die doodstraf gekry, want die doodstraf is die straf op verraad – ons handhaaf dit vandag nog!

Dis vir hierdie doodstraf van elkeen van ons dat die Here Jesus moes ly - so volkome dat elkeen van ons nou 'n betaalde rekening by God het.

- Daar is vir ons sondes en boosheid gestraf, maar nie aan ons eie lyf nie.
- Ons sou dit nooit kon verduur nie.
- Daarom het ons Here Jesus die lyde in ons plek (as Borg) vir ons deurgemaak.

Alles het nie by die kruis op Golgota gaan stilstaan nie.

- Na sy hemelvaart stuur die Here Jesus Christus die Gees van God na ons toe terug.
- Die Heilige Gees word deur Jesus Christus “**die ander Trooster**” genoem.
- Die Heilige Gees laat ons wedergebore word, kragtens die verdienste van die Here Jesus Christus.

Wedergeboorte is dat ons glo dat die Here Jesus God is wat vir ons sondes betaal het en dat daar geen ander weg is waarlangs on in die hemel kan kom nie.

- Slegs die geloof in die Here Jesus Christus red ons  
**Romeine 1:16, 17 Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.**
- So beweeg die Heilige Gees ons tot die goeie.

Ons kan egter glad nie hierdie geweldige gawe van God verstaan as die Heilige Gees nie ook iets anders in ons harte werk nie.

- Dis naamlik die besef van die diepte van ons ellende.
- Daarom vier ons met die sakramente van Nagmaal en doop die wonder van die verlossing uit hierdie verskriklike toestand.

Elke preek moet ons juis leer dat daar verlossing by die Here is.

- Ons leer dat God 'n God van liefde is.
- 'n God van skuldvergewing.
- 'n God van genade, wat sy Gees stuur om ons te rig deur die lewe.

Dit verander nou die hele prentjie van ons lewe.

- Die hele lewe is nie net sondes en ellendes nie. Alles op die aarde is nie net sleg nie.
- Die Gees van God beweeg saam met ons deur hierdie dinge. Ons lewe, ons kultuur en ons politiek, ons kuns of wetenskap is nie meer net instrumente wat my van my God vervreem nie.
- Elkeen van hierdie dinge kan ons so gebruik onder die leiding van die Heilige Gees dat ons God daarin dien en verheerlik.
- Ons kan voluit lewe in elke faset van die lewe met Christus teen die agtergrond en so God se koninkryk bou.

So word die regte balans vanself gehandhaaf, want onder die leiding van die Heilige Gees sal ons dan die gebiede vermy waar ons nie tot eer van God kan leef nie.

Die Here Jesus Christus het ons nie net van ons sondes verlos en vir ons 'n reg in die hemel verwerf nie. Hy het ook vir ons lewe gesterf.

- Daarom lei Hy ons vandag met sy Gees, sodat ons alles in die lewe kan gaan gebruik om God se Naam te bevorder en te bou.
- Ons kry die genade om die sonde in die wêreld te oorwin en om die geskiedenis tot God se eer te gebruik as ons werklik wil luister na die stem van God se Gees.

*Deur die Here Jesus Christus kry ons die verhouding van gemeenskap met God terug, soos wat dit in die Paradys was. In hierdie lewe nog nie in 'n volkome mate nie, want die verlossingswerk van Christus word eers met die wederkoms ten volle afgerond en vervul.*

- Ons troos is dat ons in Christus reeds geregverdig en geheilig is en steeds daarvan verseker word.
- Verder ook dat ons in Christus geheilig word en vernuut word in ons kennis van geregtigheid sodat ons God daarmee kan eer.

Ons hele lewe staan in die teken van die Here se genade.

- Die lewe gaan nie net gebuk onder die sonde nie.
- Die liefde van God en die verlossing van Christus is elke oomblik met ons.

Maar dit beteken nie dat daar geen sondes en beproewinge is nie.

- Dit is daar en dit buig ons.
- Maar dit laat ons ook die genade van God ken omdat die genade in ons verlossing dan soveel helderder openbaar word.

Juis hierin is die oordeel ook.

- Die oordeel gaan jou inhaal as jy ongeduldig is in beproewing, of roekeloos lewe.
- Dit gaan jou inhaal as jy doof is vir die stem van God en nie kan luister as die Gees van die Here met jou spreek nie.
- Wanneer jy so maak in jou lewe, dan deel jy nie in hierdie verlossing nie.

*Bo alles egter skyn die bewaring van God daarin dat die sonde 'n opregte gelowige kan buig, maar kragtens ons uitverkiesing nie kan vernietig nie.*

Kom ons lees saam wat in ons belydenis geskryf staan in die Heidelbergse Kategismus Sondag 3:

**Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?**

**Antwoord:** Nee, God het die mens goed (a) en na sy ewebeeld geskep (b). Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys (c).

a) Gen 1:31. (b) Gen 1:26, 27. (c) Ef 4:24; Kol 3 2 Kor 3:18.

**Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan vandaan?**

**Antwoord:** Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys (a). Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word (b).

(a) Gen 3; Rom 5:12, 18, 19. (b) Ps 51:7; Gen 5:3

**Vraag 8: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?**

**Antwoord:** Ja (a), behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word (b).

(a) Gen 8:21;6:5; Job 14:4; 15:14, 16, 35; Joh 3:6; Jes 53:6. (b) Joh 3:3, 5; 1 Kor 12:3; 2 Kor 3:5.

**Amen.**

Slotgebed

Skrifberyming 9-1:11

-11-

Ons het, o HEER, u wet weerstrewe,  
genade is al waar ons op pleit;  
gee ons in Christus nuwe lewe,  
om dit te doen uit dankbaarheid.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 7 April 2013